OPSIE 2:
GEOGRAFIE NAVORSINGSPROJEK 2017 GR.11
NIE-HERNUBARE ENERGIE IN S.A.

Agtergrond: In 2011 het die Suid-Afrikaanse regering sy energie-beleid gepubliseer wat die energie beplanning tot 2030 toon: **Die geïntegreerde hulpbronplan (GHP).** Hierdie plan verbind Suid-Afrika om hernubare energie as deel van sy energiemengsel in te sluit.

Afgesien van SON- en WINDKRAG, het Suid-Afrika die potensiaal om ander vorme van hernubare kragbronne te ontwikkel. Hierdie sluit in:

A. BIOMASSA: Biobrandstof
B. GAS: Skalie gas
Stortingsterrein gas
Aflandige gas
C. GOLFKRAG

JOU PROJEK:

STAP 1: Definieer HERNUBARE ENERGIE.
Bespreek **DRIE** redes waarom Suid-Afrika hernubare energie moet insluit by sy energiemengsel. (6)

STAP 2: Kies **EEN** van die bogenoemde hernubare energiebronne (**A**, **B** of **C**) en verduidelik WAT dit presies is en HOE dit presies werk. (6)

STAP 3: Sluit 'n GEDETAILEERDE VLOEIDIAGRAM in,van bron tot finale benutting. (Gebruik inligting in stap 2 om jou te help) (6)

STAP 4: PRODUSEER 'N KAART en toon **waar** in Suid-Afrika hierdie bron gevind word en **waar** dit benut word om energie te produseer
(Dus hulpbronligging- en produksie-aanlegligging)
As hierdie energie nog nie geproduseer word nie, toon op die kaart aan waar die ideale gebied(e) vir so 'n aanleg is en motiveer waarom jy so sê. (6)

STAP 5: Bespreek die voordele van hierdie energie. (6)

STAP 6: Bespreek die nadele van hierdie energie. (6)

STAP 7: Samevatting: Verduidelik volledig hoe jy dink hierdie hernubare energiebron jou lewe/lewe van Suid-Afrikaners sal beïnvloed. (6)

8: PLAGIAAT: Dit moet jou eie werk wees, in jou eie eie woorde geskryf. (6)

9: BIBLIOGRAFIE: Lys die bronne wat jy gebruik het. (2)

TOTAAL: 50 x 2= 100

VEREISTES:

- Skryf jou projek met die gebruik van die stappe as opskrifte.
- 5 Bladsye getik of 7 bladsye geskryf, SONDER ILLUSTRASIES.
- BIBLIOGRAFIE moet ingesluit wees.
- MOENIE "cut en paste" nie. Skryf in jou eie woorde.
- Handig 'n hardekopie vir jou portefeulje in.
- Handig die RUBRIEK saam jou projek in.